

EVALUERINGSVERSLAG Ingevolge Artikels 56, 65 & 66 van die Langeberg Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning (PK 264/2015, 30 Julie 2015)
AANSOEK: VOORGESTELDE ONDERVERDELING, HERSONERING, KONSOLIDASIE EN AFWYKING, ERWE 48 & 49, MCGREGOR

Verwysingsnommer	15/4/6/2,7&9	Aansoekdatum	06/11/2024	Verslagdatum:	19-11-2025
Keerderdatum vir kommentaar / Laaste kommentaar of inligting ontvang					11-11-2025

DEEL A: SKRYWER BESONDERHEDE					
Naam	Jack van Zyl				
Postitel	Senior Stadsbeplanner				
SACPLAN registrasienommerr	A/1170/2000				
DEEL B: BESONDERHEDE VAN EIENDOM					
Eiendomsbeskrywing (volgens Titellakte)	Erwe 48 & 49				
Fisiese adres	H/v Voortrekker en Kerkstraat		Dorp	McGregor	
Huidge sonering	Gemeenskapsone II	Grootte	1,28ha (waarvan 6687m ² ontwikkel word)	Is daar bestaande geboue op die eiendom?	JA NEE
Toepaslike soneringskema	Langeberg Munisipaliteit Geïntegreerde Soneringskema, 2018				
Huidige grondgebruik	Kerk		Titellaktenommer en -datum	T6755/1904 & T891/1905	
Enige beperkende titelvoorwaardes van toepassing?	JA NEE	Indien JA. Iys voorwaarde nommer(s)			

Enige 3de party voorwaardes van toepassing?	JA	NEE	Indien JA, beskryf.	
Enige ongemagtigde grondgebruik / bouwerk?	JA	NEE	Indien JA, verduidelik	

DEEL C: BESKRYWING VAN AANSOEK

Aansoek ingevolge Artikel 15 van die Langeberg Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015 vir:

- Konsolidasie van Erwe 48 en 49. McGregor;
- Onderverdeling van gekonsolideerde erf in ongeregistreerde Erwe 1367 (6161m²) en 1366 (6687m²);
- Hersonerig van ongeregistreerde Erf 1366 vanaf Gemeenskapsone II na Onderverdelingsgebied;
- Onderverdeling van ongeregistreerde Erf 1366 in 11 Enkel Residensiële sone I erwe, 1 Oopruimte sone II erf en 1 Vervoersone III erf
- Permanente afwyking vanaf die 5m boulyn op ongeregistreerde Erf 1367

DEEL D: AGTERGROND & OPSOMMING VAN AANSOEKER SE MOTIVERING

Die doel van die aansoek is om 'n private kompleks met 11 woenerwe op 'n vakante gedeelte van die McGregor NG Kerk te skep. Daarvoor moet die twee erwe (48 en 49) waarop die kerkgebou (oor die erfgrens) staan, gekonsolideer en weer onderverdeel word, sodat die kerkgebou op een erf is en die beplande kompleks op die ander ontwikkel kan word. Die voorgestelde ontwikkeling behels die volgende:

- 11 Enkel residensiële sone I erwe met gemiddelde groottes wat wissel van 427m² tot 590m², teen 'n gemiddelde van 485m².
- Digtheid van 16 wooneenhede per hektaa
- Privaat oopruimte van 789m² (11.7% van perseel)
- 6m breë privaatpad wat 6 van die erwe in die ontwikkeling bedien, met beheerde toegang vanaf Kerkstraat
- 4 erwe kry direkte toegang van Langstraat en 1 erf kry direkte toegang vanaf Kerkstraat. Nog 'n erf grens aan Kerkstraat, maar kry toegang vanaf die interne pad.
- Voorgestelde planne vir tipiese huise is vir enkelverdieping 2 en 3 slaapkamerhuise met vloeroppervlaktes wat wissel tussen 188m² en 230m².

Die afwyking wat gevra word, is om die bestaande ablusieblok by die kerk, wat binne die 5m boulyn van die nuwe kerkperseel sal wees, te akkomodeer.

Die voorgestelde konsolidasie, onderverdeling-, voorlopige terreinontwikkelingsplanne en huisplanne word aangeheg in Bylae 1

Die Raad het reeds in 2007 'n soortgelyke ontwikkeling op dieselfde eiendom goedgekeur, naamlik

- Die konsolidasie van erwe 48 en 49, McGregor.
- Die onderverdeling van die gekonsolideerde erf in twee gedeeltes, A & B, soos aangetoon op plan MCG 2 gedateer 17 September 2002.
- Die hersonerig van gedeelte A na Institusionele sone II.
- Die hersonerig van gedeelte B na Onderverdelingsgebied, met die doel om 'n Residensiële sone II (9 groephuise, straat en gemeenskaplike oop ruimte), Residensiële sone III (7 dorps huise) en 'n Vervoersone II te skep.
- Die onderverdeling van gedeelte B ooreenkomstig Plan MCG 3.a gedateer Julie 2003.

Dié vorige goedkeuring is op 4 Augustus 2014 verleng met 'n verdere 5 jaar, tot 4 Augustus 2019, maar is nooit uitgevoer nie en het dus op laasgenoemde datum verval.

Die aansoeker se motivering word aangeheg in Bylae 2. Dit behels kortliks die volgende:

- Versoenbaar met Langeberg Ruimtelike Ontwikkelingsplan 2025 (SDF) wat lae en mediumdigtheid ontwikkeling in die betrokke deel van die dorp voorstel, met paslike invulling binne die bestaande ruit-ontwikkelingspatroon.
- Ontwikkeling is op vakante deel agter kerk en sal nie impak hê op erfenisgeboue nie.
- Daar is 'n behoefte in McGregor vir die betrokke tipe ontwikkeling.
- Ten spyte van hoër digtheid as die omliggende residensiële omgewing, sal die voorgestelde ontwikkeling versoenbaar wees daarmee, omdat:
 - die voorgestelde erffronte aan Lang en Kerkstrate is vergelykbaar met die bestaande erwe oorkant en in die omgewing;
 - geboue en grensmure sal in 'n tipiese McGregor styl ontwikkel word;
 - 5 van die 11 erwe sal direkte straattoegang tot Kerk- of Langstraat hê.
- Die ontwikkeling kan akkomodeer word binne bestaande dienstekapasiteit, met inagneming van water en elektrisiteitsbesparingsmaatreëls en opgradering van netwerke op koste van die ontwikkelaar soos benodig.
- Die voorstel voldoen aan die ontwikkelingsbeginsels soos gestel in SPLUMA en LUPA
- Buiten vir 2 van die erwe intern tot die ontwikkeling, wat se erffronte effens Kleiner as 75% van die gemiddelde in die omgewing is, voldoen die voorstel aan die Munisipaliteit se Onderverdelingsbeleid.

DEEL E: OPSOMMING VAN OPENBARE DEELNAME

Word openbare deelname ingevolge Artikels 45- 49 van die verordening vereis?				JA	NEE
Waar deelname vereis word, noem manier van advertering,	Pers	Kennisgewings	Wyksraadslede	Ander	

DEEL F: OPSOMMING VAN KOMMENTAAR ONTVANG GEDURENDE OPENBARE DEELNAME (indien van toepassing)

Daar is 1 beswaar teen die aansoek ontvang, van RK Scheiflinger, die eienaar van Erf 1340, McGregor (aangeheg in Bylae 3).



Die beswaar is gegrond op die verwagte negatiewe impakte op:

1. Infrastruktuur en dienste: Bekommerd dat bestaande infrastruktuur nie die hoë digtheid behuising sal kan akkomodeer nie en dat die nodige opgraderings daarvoor nie deur die munisipaliteit gedoen sal kan word nie.
2. Verkeer: Ontwikkeling sal hoër verkeersvolumes tot gevolg hê wat verkeersdruk ("congestion") in reeds besige strate soos Kerkstraat en Langstraat sal veroorsaak en 'n veiligheidsrisiko vir voetgangers, kinders en fietsryers sal wees. Dit sal ook veroorsaak dat paaie vinniger degradeer.
3. Estetika en karakter van die omgewing: Hoë digtheid ontwikkeling sal die estetiese karakter van die buurt verander.
4. Eiendomswaardes: Konsentrasie van hoë digtheid behuising in 'n voorheen lae digtheid area mag die eiendomswaardes in die omgewing daarvan verlaag.
5. Gemeenskapskarakter en lewenskwaliteit: Dit sal die karakter van die woonbuurt fundamenteel verander van 'n rustige, lae-digtheid, voetgangergerigte woonbuurt na 'n meer "congested" "traffic-heavy" buurt, met gevolglike negatiewe impak op die lewenskwaliteit van inwoners.

Die aansoeker se reaksie op die beswaar word aangeheg in Bylae 4. Dit behels die volgende:

- Dienstebeplanning is gedoen om ontwikkeling te kan akkomodeer en sluit in waterbesparingsmaatreëls, opgradering van die waternetwerk en stormwaterbestuur.
- Die byvoeging van 11 ekstra wooneenhede sal 'n minimale impak op verkeer hê. Impak sal ook versag word deurdat die toegange na die individuele erwe opgedeel word tussen Kerkstraat en Langstraat, met 6 van die erwe wat via die interne pad toegang tot Kerkstraat kry, terwyl 4 erwe direk vanaf Langstraat bedien word en 1 erf direk van Kerkstraat af.

- Hoër digtheid ontwikkeling word (in die algemeen) voorgestaan in dorpskerns.
- Die voorgestelde ontwikkeling in die dorpskern ondersteun die voetgangergeëïentende karakter van die dorp.
- Alhoewel die erf groottes kleiner is, is die straatfronte aan Langstraat en Kerkstraat vergelykbaar met die straatfronte van erwe oorkant die straat en sou dit ook voldoen aan die munisipaliteit se Onderverdelingsbeleid vir Enkel residensiële erwe. Die karakter van die nuwe ontwikkeling sal dus nie verskil van die omliggende omgewing nie.
- Die kompleks sal ommuur word met lae mure op die Langstraat en Kerkstraat grense, wat verder sal aanpas by die karakter van die omgewing.
- Die betrokke perseel is tans onontwikkel en onaantreklik, terwyl die vestiging van 'n aantreklike sekuriteitskompleks eerder die eiendomswaardes in die betrokke area sal verbeter.
- Die voorgestelde ontwikkeling sal 'n alternatiewe huisvestingsopsie bied aan diegene wat die karakter van McGregor wil ondersteun, maar nie die las wil hê om groot tuine te onderhou nie.
- Die ontwikkeling soos voorgestel is belangrik vir die volhoubare voortbestaan van die dorp.

DEEL G: OPSOMMING VAN KOMMENTAAR VANAF STAATSINSTELLINGS EN/OF MUNISIPALE DEPARTEMENTE (indien van toepassing)

Elektriese Ingenieursdienste

The Electrical Department have no objection to the above application subject to the following conditions:

1. Normal bulk services and connection costs will be applicable for additional/new electrical capacity required.
2. All alternative electrical installations (UPS, Solar PV, LV Standby generator) to obtain written permission pre-installation.
3. Local and national legislation prohibits electrical supply to be taken across erf boundaries.

Siviele Ingenieursdienste

13 Maart 2025

A civil engineering services report must be provided before final comments can be given.

8 April 2025

1. The McGregor water treatment works is operating at capacity and must be upgraded before this proposed development can develop.
2. A detailed stormwater management plan must be provided before final comments can be provided
3. The internal services of the proposed development will not be taken over by the Municipality
4. A bulk water meter connection will be provided
5. The current water network has to be strengthened/upgraded to accommodate the proposed development.
6. Proposed water conservation methods must be submitted for approval
7. The proposed single conservancy tank cannot be supported. Each individual erf must be provided with a separate conservancy tank with the following minimum specifications:
 - Minimum size = 5000l
 - The tank must be a sealed unit
 - A sewer suction point must be provided that is accessible for the sewer tanker
 - No stormwater or groundwater may enter the tank
8. Development charges are payable for 10 additional opportunities created.

5 September 2025

Proposals regarding water use reduction as presented by ICON Consulting Engineers in their email of 13 August 2025 are acceptable and can be included in the engineering services report. Further information regarding the installation of water limiting meters is requested. Other outstanding items to be included in the services plan, are 1. Stormwater plan and 2. Strengthening of the water network.

7 November 2025

Comments on ICON Engineers queries about GLS Engineers' report on the capacity analysis of the bulk water and sewer services in McGregor

Question 1: The proposed bulk service upgrades in the GLS report will benefit other areas besides the proposed development. These proposed bulk service costs will in our opinion exceed the DC' amount due for the development. What proposed bulk services from the GLS list would the developer be required to install to balance the DC amounts payable.

Comment: Most of the changes are zonal changes that will be done by the municipality. From the report the main upgrade will be 160mm upgrade in Long St. Should the DC not be enough we can negotiate and possibly work together so that the Municipality can install the balance.

Question 2: The GLS report does not take into account the water reduction measures that we have discussed and agreed on. Are the water reduction measures no longer required if the new bulk services upgrades are installed?

Comment: Please send your calculated revised demand figures to GLS to also include a second scenario. There should not be additional costs involved for this modelling.

Question 3: The GLS report refers to water use at the central garden area, which would not be required as this will be irrigated from the existing borehole or the proposed grey water system. Must we inform GLS of this so that they can reduce the bulk water requirements for the development.

Comment: See above comments

Question 4: The requirement for conservancy tanks does not appear to be an issue as a link to the sewer system is possible. With regard to the GLS report, this will be one of the bulk sewer upgrades that will be required to be offset against the DC's.

Comment: You need to confirm with an on site survey that you can connect to the existing sewer network. The link service cannot be offset against the DC's and will be for the cost of the developer. The small section upgrade of the sewer network (R 131 000) can be offset against the DC's.

11 November 2025

Confirm that the revised engineering report and proposals regarding provision of services is in order, subject to conditions of approval that services must be designed and provided according to the proposed water use reduction measures and as proposed in the engineering report, and that the final engineering designs must be submitted for approval.

Boubeheer

1. Approvals: Building Control has reviewed your proposal and the following applies.
2. Any new structures or changes to existing structures must undergo thorough inspections to ensure compliance with structural integrity and safety requirements.
3. Proposed changes must align with the accessibility requirements outlined in the National Building Regulations, ensuring equitable access for all as necessary.
4. Fire safety measures and systems must meet or exceed the standards set by the National Building Regulations to ensure the safety of occupants.

5. Before any commencement of building work, building plans must be submitted to and approved by Langeberg Municipality's Building Control Department prior to construction as applicable.

Brandweer

No objection from our side.

Fire safety measures and systems must meet or exceed the standards set by the National Building Regulations, SANS codes and any other applicable legislation to ensure the safety of occupants.

Verkeersdienste

The Traffic Department have no objection.

Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit

Nie kommentaar aangevra.

Wysraadslid Wyk 5

I have no objection

Erferis Wes-Kaap


Erferis Wes-Kaap het op 10 September 2025 'n goedkeuring uitgereik ingevolge Artikel 27 van die Nasionale Erferishulpbronnwet, Nr 25 van 1999 vir die konsolidasie, onderverdeling en hersonering van erwe 48 en 49, die verdere onderverdeling van ongeregistreerde erf 1366, sowel as die gepaardgaande terreinontwikkelingsplan en huisontwerpe.

DEEL H: MUNISIPALE BEPLANNINGSEVALUERING (Verwys na Riglyne vir Tersaaklike Oorwegings)

WENSLIKHEID

Versoensbaarheid met ruimtelike planne

Die Langeberg Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, (LSDF), 2025 stel voor dat die betrokke perseel gebruik word om die ontwikkeling van 'n markterrein vir die dorp aan te moedig (sien uittreksel uit die LSDF hieronder). Die eiendom is in privaatbesit (NG Kerk), wat beoog (en nodig het) om finansiële voordeel te trek uit die verkoop van die grond. Alhoewel die spesifieke voorstel vir die bevordering van 'n markterrein is, sou dit net haalbaar wees indien die kerk in 'n posisie was en gewillig was om die grond daarvoor beskikbaar te stel. Die kerk se perseel oorkant Kerkstraat met die kerksaal op – erf 90 – word wel reeds gebruik vir 'n gemeenskapsmark op Saterdag, wat dus reeds voldoen aan die LSDF-voorstel.



5.5.2 McGregor Spatial Proposals

The table below details various spatial proposals for McGregor, each identified by a unique code corresponding to specific proposals illustrated on the settlement proposal map. The "Goal" column indicates the relevant SDF goals (in section 4.2 of Chapter 4) associated with each proposal.

Development proposals:

Code	Category	Proposal	Goal	Zones
Mc01	Central Business District	Sensitively maintain vibrancy in commercial precinct along Voortrekker Street. Allow mixed-uses.	1	A
Mc02	Business Node	Sensitively maintain vibrancy in secondary business node.	1	C
Mc03	Informal Residential	Promote subsidised and UISP residential development.	1	C
Mc04	Small Business	Promote a market place to celebrate McGregor as a unified and integrated community.	1	B
Mc05	Residential	Promote infill residential development.	1	B
Mc06	Business Node	Promote secondary business node and early childhood development facility ECD alternative Erf 1432. Regular liaison with Department of Education and Social development regarding the need for additional facilities.	1	C
Mc07	Community Facility	Development of as an institutional or community facility e.g. school of skills.	1	C
Mc08	Residential	Promote subsidised residential development.	1	C

Die LSDF baken ook die dorp in 3 sg *Precincts* (Buurte) af, volgens die areas se gemeenskaplike eienskappe en dui dan potensieel gepaste grondgebruik aan wat binne elk van dié buurt toegelaat kan word. Die aansoekende is binne voorgestelde Buurt B geleë, waar die karakter as laag- tot mediumdigtheid beskryf word, met protensiaal vir invul-ontwikkeling. Potensieel paslike gebruike sluit in lae- en mediumdigtheid residensiële gebruike, maar nie hoë digtheid – of informele residensiële gebruike nie. (sien uittreksel uit die betrokke LSDF tabel hieronder).

LAND USE PRECINCT PROPOSALS FOR MCGREGOR

McGregor has been divided into three (3) precincts (areas with common characteristics) and the table below outlines potentially suitable land uses (and descriptions of these use at the end of this chapter) for every precinct.

MCGREGOR LAND USE PRECINCT		Low Density Residential Uses	Medium Density Residential Uses	High Density & Informal Residential Uses	Secondary Educational Uses	Place of instruction	Professional Use	Business Uses	Secondary Business Uses	Place of worship	Institution	Guest houses/self-catering	Authority	Sport/Recreational Facilities	Industries & Service Trade
A	Precinct A is the town's central business district where mostly commercial and other compatible uses are supported to enhance the node. Mixed-use development is promoted. Keep to grid layout.		X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	
B	Precinct B, the historic village, has a low to medium density residential character with opportunities for infill development. This node also includes a secondary business node. Keep to grid layout.	X	X		X	X	X	X ₂	X _{1,2}	X	X	X	X	X	
C	Precinct C, White City, has a high-density residential character. Allow supporting social and neighbourhood orientated commercial services. Keep to grid layout.			X	X	X	X		X _{1,2}	X	X	X	X	X	
(1) Along activity streets (2) At identified nodes		Business Uses e.g. Shop, supermarket and service station. Place of instruction e.g. Schools, Universities, Colleges. Professional Uses e.g. Doctors, dentists, architects. Secondary Business Uses allows for neighbourhood business e.g. Café, house shops, small shop & offices and home occupation. House taverns only to be considered along activity streets in residential areas. Secondary Educational Uses e.g. Crèches/day care.													


Die algemene grondgebruikvoorstelle in die LSDF staan dus wel die ontwikkeling van mediumdigtheid residensiële ontwikkeling voor, sodat die voorstel as versoenbaar met die LSDF beskou kan word.

Ekonomiese impak en kapitale investering

Die ontwikkeling sal uiteraard 'n positiewe ekonomiese impak op die dorp hê as gevolg van die tydelike werkseleenthede tydens die konstruksiefase van infrastruktuur en huise, sowel as die vestiging van meer mense in die dorp, wat bydra tot 'n verhoging in algemene ekonomiese aktiwiteit en ander nuwe-effekte soos werkverskaffing aan huiswerkers, ondersteuning van plaaslike besighede en verbreding van die munisipaliteit se belastingbasis.


Versoenbaarheid met omliggende gebruike en karakter van omgewing

Die voorgestelde woonkompleks word omring deur enkelresidensiële gebruike (en sonerings) aan die noordooste-, suidooste- en suidwestekant, met die oorblywende kerkperseel aan die noordwestekant. Dit sal dus versoenbaar wees met die omliggende grondgebruike.



Buiten die grondgebruikpatroon, word die karakter van die omliggende omgewing ook bepaal deur die ontwikkelingsdigtheid, erfgróottes, erfuitleg- en -vorm asook plasing en ontwerp van geboue. In hierdie opsig word die voorgestelde groephuiskompleks word beskou as versoenbaar met die karakter van die betrokke omgewing, op die volgende gronde:

- Die ontwikkelingsdigtheid in die omliggende gebied word bereken op sowat 9.5 eenhede per hektaar (1 eenheid = 1 erf) (soos aangedui op onderstaande diagram) terwyl die digtheid van die voorgestelde woonkompleks sowat 16.5 eenhede per hektaar beloop. Die ontwikkelingsdigtheid van die hele aansoekperseel – die kerkperseel ingesluit – sal egter sowat 9.3 eenhede per hektaar wees.
- Sommige van die omliggende erwe het reeds meer as een woning op, terwyl al die omliggende enkelresidensiële erwe volgens die soneringskema die reg en potensiaal het om minstens 'n klein (60m²) tweede woning op te rig. Daarteenoor sal die voorgestelde 11 erwe in die kompleks elk net een huis op kan hê.
- Die straatfronte van die voorgestelde erwe wat front aan Kerkstraat en Langstraat sal wissel tussen 19.64m en 29.36m, met 'n gemiddelde van 22.3m, in vergelyking met 'n gemiddelde straatfrontlengte van 22.4m per huis vir die erwe direk oorkant en langs aan in Kerk- en Langstrate (wissel tussen 19.7m en 27.01m).
- Die erfuitleg volg 'n ruitpatroon volgens die kenmerkende historiese straatuitleg in die betrokke deel van die dorp, met huise wat parallel met die straatgrens geplaas sal word.
- Die voorgestelde huisontwerpe pas aan by die McGregor boustyl en sal finaal beoordeel word op bouplanstadium om aan die McGregor Estetiese Komitee se Bouriglyne vir McGregor te voldoen.



Impak op eksterne ingenieursdienste

Die impak op eksterne dienste is ondersoek in samewerking met die verantwoordelike munisipale departemente. Dit blyk dat die ontwikkeling nie binne die huidige munisipale water en rioolkapasiteit akkomodeer kan word nie, maar dat die nodige opgraderings wel gedoen kan word om dit te akkomodeer. Die ontwikkelaar se verpligte Ontwikkelingsbydraes kan vir dié doel aangewend word.

Impak op erfenis

Die impak op erfenis is deur 'n onafhanklike Erfenispraktisyn ondersoek en goedkeuring vir die hele ontwikkeling is van Erfenis Wes-Kaap ontvang. Daar word dus aanvaar dat die impak op erfenishulpbronne as aanvaarbaar bevind is.

Verkeersimpak, parkering, toegang en ander vervoerverwante oorwegings

Die grootte van die ontwikkeling noodsaak nie 'n verkeersimpak-evaluering nie.

Die ontwikkeling geniet goeie toegang vanaf Kerk- en Langstraat, wat direk met die hoofstraat (Voortrekkerstraat) verbind is. Volgens die South African Trip Data Manual, TMH 17 (Committee of Transport Officials, 2012) kan die ontwikkeling sowat 44 ritte per dag (in- en uit) opwek, met 'n oggendpiek van 11 (25% in en 75% uit) en namiddagpiek van 11 (70% in en 30% uit) deur die week en die helfte daarvan oor naweke. Na verwagting sal die aantal ritte moontlik heelwat minder wees as dié standaardberekening, omdat die ontwikkeling binne maklike loopafstand van die middedorp en besighede is.

Aangesien 5 van die huise direkte toegang vanaf die publieke strate het, sal ritte versprei word oor 'n groter area, wat die impak van die enkele toegangspunt na die kompleks in Kerkstraat aansienlik sal versag. Slegs 6 woning sal van die ingang gebruik maak.

Die nuwe erwe bied ook almal voldoende geleentheid vir op-perseel parking (minstens 2 parkeerplekke per erf, soos vereis in die soneringskema).

Die ingang na- en parking vir die kerk op die restantgedeelte word nie beïnvloed nie.

In die lig van bogenoemde blyk dit dat die voorgestelde ontwikkeling nie 'n negatiewe verkeersimpak behoort te hê nie.

Impak op die lewenskwaliteit van die inwoners in die onmiddellike omgewing

Daar word nie voorsien dat die ontwikkeling 'n negatiewe impak op die lewenskwaliteit van inwoners in die omgewing – en spesifiek ook die beswaarmaker - sal hê nie, aangesien:

- dit sal inpas by die karakter van die omliggende omgewing ten opsigte van grondgebruik, digtheid, erfafmetings en gebou-ontwerp.
- dit nie 'n negatiewe verkeersimpak behoort te hê nie en nie 'n buitengewone toename in verkeer in die betrokke omgewing sal opwek nie.
- die beswaarmaker se woonhuis terugsit is van die straat af en van die ontwikkeling afgeskerm word met 'n soliede geboude straatgrensmuur met houtplanke bo-op (sien fotos hieronder).



DEEL I: ADDISIONELE BEPLANNINGSEVALUERING VIR OPHEFFING VAN BEPERKINGS (Verwys na OVB riglyne)

NVT

DEEL J: AANBEVELING

Dat die volgende aansoek ingevolge Artikel 60 van die Langeberg Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015 goedgekeur word, onderhewig aan die voorwaardes hieronder, opgelê ingevolge Artikel 66 van dieselfde verordening:

- Konsolidasie van Erwe 48 en 49. McGregor;
- Onderverdeling van gekonsolideerde erf in twee dele, naamlik ongeregistreerde Erwe 1367 (6161m²) en 1366 (6687m²);
- Hersonering van ongeregistreerde Erf 1366 vanaf Gemeenskapsone II na Onderverdelingsgebied;
- Onderverdeling van ongeregistreerde Erf 1366 in 11 Enkel Residensiële sone I erwe, 1 Oopruimte sone II erf en 1 Vervoersone III erf
- Permanente afwyking vanaf die 5m boulyn op ongeregistreerde Erf 1367

VOORWAARDES

Grondgebruikbeperkings en boubeheer

1. Die konsolidasie, hersonering, onderverdelings moet geskied ooreenkomstig die onderverdelingsplanne gemerk MCG48&49-LBM-OP1 en MCG1366-LBM-OP.
2. Die terreinontwikkeling van erf 1366 moet wesenlik ooreenstem met die voorstelle op die planne gemerk -TP en MCG1366-LBM-EL 9(a) tot – (e).
3. Die aansoeker is daarvoor verantwoordelik om 'n Huiseienaarsvereniging vir die ontwikkeling van Erf 1366 in te stel ingevolge Artikel 29 van die Langeberg Munisipaliteit : Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015. Die grondwet van die Huiseienaarsvereniging moet deur die Langeberg Munisipaliteit goedgekeur word voordat enige erwe in die ontwikkeling oorgedra mag word. Die grondwet moet minstens die volgende reëlins uitspel:
 - 3.1 Besit van en beheer oor gemeenskaplike grond en dienste
 - 3.2 Verskaffing van en betaling vir munisipale dienste aan en deur individuele erwe.
 - 3.3 Argitektoniese riglyne / Bouhandleiding
4. Voordat daar met enige bouwerke op die terrein begin mag word, moet bouplanne, wat aan die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde (Wet Nr 103 van 1977) voldoen, by die Langeberg Munisipaliteit ingedien en goedgekeur word.

Voorsiening van ingenieursdienste

5. Die ontwikkelaar is verantwoordelik vir die installering van alle interne siviele en elektriese ingenieursdienste vir die ontwikkeling van Erf 1366 (elektrisiteit, water, riool, paaie en stormwater ingesluit), sowel as vir die voorsiening of betaling van koppeldienste wat daarvoor vereis mag word, asook vir die ontwikkelingsbydraes ten opsigte van grootmaatsdienste. Die volgende spesifieke reëlins en vereistes geld:
